AANKONDIGING

Die volgende tydskrif is ontvang:
*Hervormde Teologiese Studies* 54 (3 & 4)
September / November 1998
ISSN 0259-9422
Intekenprys: R100-00

Soos die titel aandui, is hierdie 'n teologiese vaktydskrif en gevolglik is weinig van die inhoud direk relevant tot Geskiedenis. Daar is wel enkele bydraes op die terrein van Dogmageskiedenis, waarvan die vernaamste is: Stephan J. Patterson, "The historical Jesus and the search for God" (pp. 476 - 504). Die grootste gedeelte van die artikel behels 'n beskrywing van verskillende benaderings tot die kwessie van die letterlike "waarheid" oor Christus se lewe op aarde sedert die Verligting. Hierdie narratief kan in 'n sekere sin as 'n voorbeeld van Intellektuele Geskiedenis beskou word, alhoewel die debat nie eintlik binne sosiale of historiese konteks geplaas word nie, maar eerder dié van die Dogmatiek.

Geoff. Allen
Departement Geskiedenis
RAU